

God is Drie-enig

Skrifgedeelte: Matteus 28:16-20; HK Sondag 8, Vraag 25
Fokusgedeelte: Matteus 28:19

Hierdie deel van die belydenis handel oor die ewige, Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees. Dit voel vir 'n mens of jy wil terugdeins, want jy staan voor 'n ondeurgrondelike misterie. Hoewel God na sy wese vir die sondige mens verborge is, kan Hy egter tog deur ons geken word omdat en in soverre Hy Hom aan ons geopenbaar het in sy Woord (Joh. 17:3). Dit is ook opvallend dat op Vraag 25 waarom daar van die Vader, die Seun en die Heilige Gees gepraat word as daar wel een, enige goddelike wese is, daar slegs geantwoord word: "Omdat God Hom so in sy Woord geopenbaar het." Dit is belangrik om daarop te let dat daar geen poging aangewend word om die Drie-eenheid van God te verduidelik nie. Daar word eenvoudig bely wat God in sy Woord geopenbaar het, want dit is vir die mens eenvoudig nie moontlik om die Drie-eenheid van God te deurgrond nie. Met so 'n optrede spot die onge-lawiges en mense soos die Jehovah-getuies. Ook in hierdie verband geld egter die woorde van Jesus aan Tomas: "*Gelukkig is dié wat nie gesien het nie en tog glo*" (Joh. 20:29).

Die volgende is enkele uitsprake in die Skrif oor die Drie-eenheid van God: In Genesis 1:26, 27 lees ons: "Toe het *God* gesê: 'Kom *Ons* maak die mens as *ons* verteenwoordiger, *ons* beeld.' *God* het die mens geskep as *sy* verteenwoordiger, as beeld van *God* het *Hy* die mens

geskep." Let op die afwisseling tussen enkelvoud en meervoud. In Genesis 1 word nog nie gesê hoeveel persone daar is nie, maar wat in die Ou Testament nog onbekend was, word in die Nuwe Testament duidelik geopenbaar. As die *Seun* gedoop word, is die *Heilige Gees* en die *Vader* daarby betrokke (Matt. 3:16, 17). Die doopbevel van Christus lui so: "Doop hulle in die *Naam* van die *Vader* en die *Seun* en die *Heilige Gees*" (Matt. 28:19). Daar is een Naam en drie Persone. Al drie Persone word ook genoem in die seën wat volgens 2 Korintiërs 13:13 oor die gemeente uitgespreek word: "Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sal by julle almal wees."

Die eenheid van God word net so duidelik in die Skrif aangedui. In Jakobus 2:19 word gesê: "Glo jy dat daar net een God is? Dit is reg" (vgl. ook Duet. 6:4).

Hieruit is dit duidelik dat volgens die Skrif die Vader, die Seun en die Heilige Gees een waaragtige en ewige God is.



Publikasie
Publication



Nr./No.: E41